IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

LOUIS BAREND MARAIS

MARIUS LEONIDAS BENADE N.N.O.

ERICA JANE SUTTON MOLL.................... Appellante

en

ALBERT RUSKIN N.O. .......................Respondent

Coram: RABIE, HR., JANSEN, JOUBERT, CILLIé, et

BOSHOFF, ARR.

Verhoordatum: Leweringsdatum:

15 Augustus 1985. 5 September 1985.

---

U I T S P R A A K

RABIE, HR:

Dit/......

Dit is 'n appèl teen 'n bevel van die Transvaalse Provinsiale Afdeling (Le Roux, R) wat die eerste twee appellante, Louis Barend Marais en Marius Leonidas Benade, in hulle hoedanigheid van trustees van die Christiaan Lodewyk Moll Trust, gelas om die bedrag van R88 730-40, met rente daarop, aan respondent, in sy hoedanigheid van kurator van die insolvente boedel van Christo Theo Moll (hierna "Moll" genoem), te betaal. Die derde appellant is Erica Jane Sutton Moll, wat voorheen met Moll getroud was. Ek sal na haar as "mev. Moll" verwys. Respondent het haar in sy aansoek waarin hy betaling van die bogemelde bedrag van die eerste twee appellante geëis het, as 'n respondent gesiteer, maar hy het geen bevel teen haar aangevra nie,

behalwe/.........

behalwe 'n bevel van koste indien sy die aansoek sou bestry. Sy het 'n beëdigde verklaring ingedien waarin sy, net soos die eerste twee appellante, gevra het dat respondent se aansoek met koste afgewys moet word. Le Roux, R., het haar nie beveel om enige koste te betaal nie.

Die feite van die saak en die aard van die geskil tussen die partye word hieronder uiteengesit.

Die Christiaan Lodewyk Moll Trust (hierna kortweg "die Trust" genoem) is in Junie 1981 opgerig. Moll het kort daarna 'n bedrag van R88 730-40 aan die Trust geleen. Daar is nie 'n dag vir die terugbetaling van die lening bepaal nie. In April 1982 het Moll R16 000-00 by Marais, in sy persoonlike hoedanigheid, geleen, en as sekuriteit vir die

betaling/.......

betaling van die skuld het hy, op Marais se versoek, 'n dokument, gedateer 2 April 1982, onderteken wat soos volg lui:

> "Ek, die ondergetekende C.T. MOLL verklaar hiermee dat ek verskuldig is aan LOUIS BAREND MARAIS 'n bedrag van R16 000 sestien duisend rand plus 'n verdere bedrag gelykstaande aan die finansiële rand korting soos op 30 April 1982. Die som vir die gemelde bedrag is terugbetaalbaar op 30 April 1982.
>
> As sekuriteit vir die behoorlike terugbetaling vir bogenoemde bedrag sedeer en maak ek oor aan LOUIS BAREND MARAIS alle reg en titel wat ek mag hê in my leningsrekening van die CHRISTIAAN LODEWYK MOLL TRUST, welke trust geadministreer word deur LOUIS BAREND MARAIS en MARIUS LEONIDAS BENADE in hul hoedanigheid as trustees.
>
> Indien die bedrag nie terugbetaal word op 30/4/82 nie sal dit onderhewig wees aan rente bereken teen 20% per jaar."

Moll en mev. Moll is op 3 Oktober 1982 van mekaar geskei.

In 'n ooreenkoms wat hulle met mekaar aangegaan het, en

wat/.........

wat by die egskeidingsbevel ingelyf is, verskyn dié volgende bepaling:

> As additional provision for the financial needs of the wife the husband hereby cedes to the wife all claims which he presently has against the Christiaan Lodewyk Moll Trust."

Moll is op 19 April 1983 insolvent verklaar en respondent is op 21 Junie 1983 as kurator van sy insolvente boedel aangestel. Respondent het in September 1983 die bedrag van R20 418-63, synde die bedrag van R16 000-00 wat Moll aan Marais verskuldig was, tesame met die rente daarop, aan Marais betaal, en Marais het toe, op versoek van respondent, die regte wat Moll op 2 April 1982 aan hom gesedeer het aan respondent teruggesedeer. Die sessie-dokument, gedateer 16 September 1983, lui o.m. soos volg:

"Ek/......

"Ek, die ondergetekende,

LOUIS BAREND MARAIS,

1. Bevestig dat kragtens 'n skriftelike Skulderkenning gedateer 2 April 1982 geteken deur ene C.T. MOLL, gesegde Moll aan my sedeer het - (As sekuriteit vir die behoorlike terugbetaling vir bogenoemde bedrag sedeer en maak ek oor aan LOUIS BAREND MARAIS alle reg en titel wat ek mag hê in my leningsrekening van die CHRISTIAAN LODEWYK MOLL TRUST, welke Trust geadministreer word deur LOUIS BAREND MARAIS en MARIUS LEONIDAS BENADE in hul hoedanigheid as Trustees.')

2. Hiermee sedeer ek aan ALBERT RUSKIN, in sy hoedanigheid as behoorlik aangestelde Trustee in die insolvente boedel van voormelde MOLL, al my reg, titel en belange in en tot gemelde eis deur gemelde MOLL teen die CHRISTIAAN LODEWYK MOLL TRUST."

Respondent het daarna die eerste twee appellante, as trustees van die Trust, gevra om die bedrag van R88 730-40 aan hom as kurator van Moll se insolvente boedel, te

betaal. Hulle het geweier om dit te doen. Hulle houding is dat respondent nie op betaling van die bedrag kan aanspraak maak nie, maar dat mev. Moll, vanweë die uitwerking van die sessie wat Moll op 3 Oktober 1982 aan haar gegee het, daarop geregtig is om betaling van die bedrag van die Trust te ontvang.

Appellant se betoog in hierdie hof, soos dit skynbaar ook in die hof *a quo* was, kom op die volgende neer. Volgens die saak *National Bank of South Africa, Ltd. v. Cohen's Trustee*, 1911 A.D. 235, waarin beslis is dat 'n sessie *in securitatem debiti* as 'n verpanding van vorderingsregte van die sedent gesien moet word, het Moll, toe hy op 2 April 1982 al sy vorderingsregte

teen die Trust aan Marais gesedeer het, nogtans die _dominium_ van daardie regte bly behou. Uit hoofde van hierdie _dominium_, waarna daar in die gemelde saak as "bare ownership" verwys word (deur Innes, R., op bl. 254), en wat in verskeie latere sake as bloot 'n "reversionary right" beskrywe is (kyk bv. _Moola v. Estate Moola_, 1957(2) S.A. 463 (N) op bl. 464C), het Moll geregtig geword op 'n terugsessie van die regte wat hy aan Marais gesedeer het wanneer die skuld aan Marais betaal word. Hierdie "reversionary right", aldus die betoog, het ontstaan toe Moll die sessie aan Marais gegee het, hoewel die presiese inhoud daarvan eers by betaling van die skuld bepaal sou word. Die "reversionary right" wat 'n sedent behou, lui die betoog

(met/........

(met 'n beroep op die saak <u>Big Sixteen (Pty) Ltd. v. Trust Bank of Africa Ltd and Another</u>, 1978(3) S.A. 1032 (K) op bl. 1035 H), is 'n reg wat gesedeer kan word, en Moll het sy "reversionary right" met die sessie van 3 Oktober 1982 aan mev. Moll gesedeer. Toe respondent Moll se skuld aan Marais in September 1983 betaal het, het mev. Moll alreeds uit hoofde van die sessie wat sy op 13 Oktober 1982 van Moll ontvang het, op betaling van die bedrag van R88 730-40 deur die Trust geregtig geword. Respondent kan gevolglik nie op betaling van die bedrag geregtig wees nie.. Aldus die betoog.

Daar is verder namens appellant betoog dat 'n mens tot dieselfde gevolgtrekking kom as wat so pas genoem is indien die sienswyse wat in <u>Lief, N.O. v.</u>

Dettman, 1964(2) S.A. 252(A) op bl. 271 E-G oor die aard van 'n sessie in securitatem debiti uitgespreek is, in die onderhawige geval gevolg sou word. Volgens hierdie sienswyse, lui die betoog, sou Moll se sessie aan Marais op 2 April 1982 'n volledige sessie van al sy vorderingsregte teen die Trust gewees het en sou hy niks daarvan oorgehou het nie, maar sou hy ingevolge 'n pactum fiduciae wat ten tyde van die sessie tot stand gekom het die reg op 'n terugsessie van die voorheen gesedeerde regte verkry het wanneer die skuld aan Marais betaal word. Hierdie reg op terugsessie, lui die betoog, is, net soos die bogemelde "reversionary right", sedeerbaar, en die hof moet bevind dat Moll hierdie reg met die sessie van 13 Oktober

1982 aan mev. Moll gesedeer het indien hy sou bevind dat daar nie 'n sessie van Moll se "reversionary right" plaasgevind het nie.

In die hof a quo, kan hier kortliks gesê word, het Le Roux, R., beslis dat 'n sedent se "reversionary right", soos hierbo genoem, eers ontstaan wanneer die skuld ten opsigte waarvan die sessie gegee is, betaal word, en dat aangesien die skuld aan Marais in die onderhawige geval eers in September 1983 deur respondent betaal is, Moll op 13 Oktober 1982 geen "reversionary right" gehad het wat hy aan mev. Moll kon gesedeer het nie.

Ek stem nie met appellant se betoog saam nie,

maar/........

maar voordat ek aandui waarom ek meen dat dit verkeerd is, wys ek kortliks op die onlangse beslissing van hierdie hof in die saak Leyds N.O. v. Noord-Westelike Koöperatiewe Landboumaatskappy Bpk en Andere, 1985(2) S.A. 769, waar die aard van 'n sessie *in securitatem debiti* ter sprake was. Die hof het beslis om die benadering wat in die bogemelde Cohen-saak gevolg is, te volg, al is daar al in sekere gewysdes en deur sekere skrywers twyfel oor die vraag of dit dogmaties suiwer is, uitgespreek. Die hof het daarop gewys dat hierdie benadering oor 'n baie lang tydperk gevolg is en dat dit in die praktyk billik werk, en het gevolglik geweier om die beslissing in daardie saak in heroorweging te neem. Kyk bl. 780 B-G van die hofverslag.

In/.................

In die lig van wat so pas gesê is, beperk ek my bespreking van appellante se betoog tot wat namens hulle aangevoer is met betrekking tot Moll se "reversionary right" en die inhoud en uitwerking van die sessie wat hy op 13 Oktober 1982 aan mev. Moll gegee het.

In die lig van die gevolgtrekking waartoe ek gekom het, sal ek vir die doeleindes van hierdie uitspraak aanvaar, sonder om enigsins daaroor 'n beslissing te gee, dat Moll se "reversionary interest" 'n reg was wat sedeerbaar was. My mening is dat nie redelikerwys bevind kan word dat Moll en mev. Moll bedoel het dat hy hierdie "reversionary interest" aan haar sou sedeer nie. Moll se leningsrekening by die

Trust/.....

Trust het ten tyde van die sessie blykbaar minstens R88 730-40 beloop, en mev. Moll het m.i. in alle waarskynlikheid gemeen dat die sessie aan haar die reg verleen het om te eniger tyd op daardie bedrag aanspraak te maak. Sy het op daardie tydstip nie geweet dat Moll reeds op 2 April 1982 al sy "reg en titel" ten opsigte van sy leningsrekening aan Marais gesedeer het nie, en die woorde "all claims which he (d.w.s. Moll) presently has against the Christiaan Lodewyk Moll Trust" wat in haar ooreenkoms met Moll voorkom sou derhalwe vir haar kwalik iets anders kon beteken het as dat sy die reg verkry om aanspraak te maak op die bedrag van Moll se leningsrekening ten

tyde/.....

tyde van die sessie. Dit is eintlik ook wat sy in haar beëdigde verklaring in verband met die sessie sê, nl. "he ceded to me in the divorce proceedings between himself and myself the amounts owing to him by the Christiaan Lodewyk Moll Trust." En verder, daar verskyn niks in die stukke wat my enigsins daarvan oortuig dat mev. Moll kennis sou gedra het van iets soos die "reversionary right" wat 'n sedent behou wanneer hy vorderingsregte _in securitatem debiti_ gesedeer het nie. Sy sê natuurlik ook nie dat so 'n reg aan haar gesedeer is nie. Wat hierbo in verband met mev. Moll gesê is, geld m.i. ook vir Moll. Die sessie slaan, volgens die bewoording daarvan, op die vorderingsregte ("claims")

wat/............

wat Moll op 13 Oktober 1982 teen die Trust gehad het, en dit is na my mening onrealisties om te sê dat dit bedoel was om op 'n begrip soos 'n "reversionary right" ten opsigte van daardie vorderingsregte betrekking te hê. Ek meen derhalwe dat die bewoording van die sessie en die algemene waarskynlikhede van die geval nie grond bied vir 'n gevolgtrekking dat Moll sy "reversionary right", soos hierbo genoem, aan mev. Moll wou gesedeer het of dat sy bedoel het om so 'n reg te ontvang nie.

Appellant se betoog met betrekking tot Moll se "reversionary right" en die uitwerking wat die sessie daarvan sou gehad het, is, soos ek dit sien, ook vanweë ander oorwegings (soos hierna genoem) ongegrond. Moll het al sy vorderingsregte teen die Trust aan

Marais gesedeer: "…. alle reg en titel wat ek mag hê in my leningsrekening van die Christiaan Lodewyk Moll Trust." Hierdie sessie het aan Marais die reg verleen om, indien Moll nie sy skuld aan hom betaal nie, die Trust aan te spreek vir die volle bedrag wat die Trust aan Moll verskuldig was. Die reg wat aan Marais gesedeer is, was dus nie net 'n reg om die bedrag van Moll se skuld aan Marais (R16 000-00) van die Trust te eis nie. Indien Moll nie insolvent verklaar is nie en sy skuld aan Marais betaal het, sou hy aan Marais kon gesê het om die regte wat hy (Moll) ter versekering van die skuld aan hom (Marais) gesedeer het aan hom (Moll) terug te sedeer, en hy (Moll) sou

dan/........

dan daardie regte teen die Trust kon afgedwing het. Toe respondent, as kurator van Moll se insolvente boedel, Moll se skuld aan Marais betaal het, het hy die reg verkry om aan Marais te sê om die vorderingsregte wat Moll aan hom gesedeer het, aan hom (respondent) terug te sedeer, waarna hy dan daardie regte teen die Trust kon afdwing. Dit moet na my mening so wees, tensy 'n mens kan sê dat daar iets plaasgevind het wat Moll (of respondent) die reg ontneem het om by betaling van Moll se skuld aan Marais te eis dat Marais die vorderingsregte wat Moll ter versekering van die skuld aan hom gesedeer het, moet terugsedeer. Appellante betoog in hierdie verband dat aangesien die sessie

van Moll se "reversionary right" aan mev. Moll reeds op 13 Oktober 1982 geskied het, terwyl respondent eers in September 1983 Moll se skuld aan Marais betaal het, daar nie vir respondent 'n reg op terugsessie oorgebly het wat hy kon uitoefen nie. Die sessie wat Marais aan respondent gegee het, lui die betoog, is 'n irrelevante feit aangesien hy (Marais) in daardie stadium niks gehad het wat hy aan respondent kon sedeer nie. Die betoog is ongegrond. Die sessie wat Moll aan mev. Moll gegee het, het niks weggeneem van die regte wat hy tevore aan Marais gesedeer het nie, en, wat die beweerde sessie van Moll se "reversionary right" aan mev. Moll betref, moet in gedagte gehou word dat hierdie "reversionary right" 'n reg is wat Moll (as sedent)

teen Marais (as sessionaris) gehad het om, by betaling van die skuld aan Marais, 'n terugsessie te ontvang van die vorderingsregte wat hy aan Marais gesedeer het. Dit was nie 'n reg wat Moll teen die Trust gehad het nie. Die regte wat Moll aan mev. Moll gesedeer het, was sy regte teen die Trust, nie teen Marais nie, en hierdie sessie kon dus nie respondent se reg op 'n terugsessie deur Marais van die regte wat Moll aan hom gesedeer het, aangetas het nie. Dit volg dus dat respondent, wat so 'n terugsessie van Marais ontvang het, geregtig is om Moll se vorderingsregte teen die Trust af te dwing en om betaling van die betrokke bedrag te ontvang.

Die appèl word met koste afgewys, welke koste deur die Christiaan Lodewyk Moll Trust en mev. Erica Jane Sutton Moll gesamentlik en afsonderlik betaalbaar is.

P J RABIE

HOOFREGTER.

JANSEN, AR.

JOUBERT, AR.

Cillié, AR. Stem saam

BOSHOFF, AR.